

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c

Dinsdag 15 Julie 1980

WINDHOEK

Tuesday 15 July 1980

No. 4225

Goewermentskennisgewing

Government Notice

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN
Sekretaris van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika

N. J. DAVIN
Secretary of the National Assembly of South West Africa

Windhoek

Windhoek

No. AG. 90

15 Julie 1980

No. AG. 90

15 July 1980

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:-

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979) is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:-

No. 14 van 1980 Wet op Bevoegdhede van die S.W.A. Water- en Elektrisiteitskorporasie, 1980

No. 14 of 1980 Powers of the S.W.A. Water and Electricity Corporation Act, 1980

Wet No. 14, 1980 WET OP BEVOEGDHEDE VAN DIE S.W.A. WATER- EN ELEKTRISITEITSKORPORASIE, 1980

(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 2 Julie 1980)

WET

Om voorsiening te maak vir goedkeuring deur die Administrateur-generaal van die tariewe wat gehef en die voorwaardes wat opgelê word deur die S.W.A. Water- en Elektrisiteitskorporasie (Edms) Bpk ten opsigte van elektrisiteit wat deur genoemde Korporasie voorsien word; vir die onteining van onroerende goed of die belange in onroerende goed deur genoemde Korporasie vir sekere doeleindes; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:-

Woordomskrywing.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken "die Korporasie" die S.W.A. Water- en Elektrisiteitskorporasie (Edms) Bpk.

Goedkeuring van tariewe gehef en voorwaardes opgelê deur die Korporasie ten opsigte van voorsiening van elektrisiteit.

2. (1) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet maar behoudens die bepalings van artikel 5(3) van die "Elektriese Kracht Proklamasie, 1922" (Proklamasie 4 van 1922), is alle tariewe wat gehef en die voorwaardes wat opgelê word deur die Korporasie ten opsigte van elektrisiteit wat deur hom voorsien word onderworpe aan die voorafverkreë goedkeuring van die Administrateur-generaal.

(2) Die bepalings van subartikels (1) en (2) van artikel 5 van genoemde "Elektriese Kracht Proklamasie, 1922", is nie ten opsigte van die Korporasie van toepassing nie.

Onteining van onroerende goed of belange in onroerende goed deur die Korporasie.

3. (1) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, kan die Korporasie, onderworpe aan die verpligting om vergoeding te betaal, met die goedkeuring van die Administrateur-generaal en op die voorwaardes wat hy bepaal, ten einde sy bevoegdheede met betrekking tot die voorsiening van elektrisiteit uit te oefen, enige onroerende goed of 'n saaklike reg in, oor of ten opsigte van onroerende goed onteien, of die reg neem om onroerende goed tydelik te gebruik.

(2) Die Administrateur-generaal verleen nie sodanige goedkeuring nie tensy hy oortuig is —

(a) dat die Korporasie nie in staat is om sodanige goed of reg op redelike voorwaardes deur ooreenkoms met die eienaar te verkry nie; en

POWERS OF THE S.W.A. WATER AND ELECTRICITY CORPORATION ACT, 1980 Act No. 14, 1980

*(Afrikaans text signed by the Administrator-General on
2 July 1980)*

ACT

To provide for approval by the Administrator-General of the tariffs levied and the conditions imposed by the S.W.A. Water and Electricity Corporation (Pty) Ltd in respect of electricity supplied by the said Corporation; for the expropriation of immovable property or the interests in immovable property by the said Corporation for certain purposes; and for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:-

1. In this Act, unless the context indicates otherwise, "the Corporation" means the S.W.A. Water and Electricity Corporation (Pty) Ltd.

Definition.

2. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law but subject to the provisions of section 5(3) of the "Electric Power Proclamation, 1922" (Proclamation 4 of 1922), all tariffs levied and conditions imposed by the Corporation in respect of electricity supplied by it, shall be subject to the prior approval of the Administrator-General.

Approval of tariffs levied and conditions imposed by the Corporation in respect of supply of electricity.

(2) The provisions of subsections (1) and (2) of section 5 of the said "Electric Power Proclamation, 1922", shall not apply in respect of the Corporation.

3. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, the Corporation may, subject to the obligation to pay compensation, with the approval of the Administrator-General and on the conditions as he may determine, in order to exercise its powers in relation to the supply of electricity, expropriate any immovable property or any real right in, over or in respect of immovable property, or take the right to use any immovable property temporarily.

Expropriation of immovable property or interests in immovable property by the Corporation.

(2) The Administrator-General shall not grant such approval unless he is satisfied —

(a) that the Corporation is unable to acquire such property or right on reasonable terms by agreement with the owner; and

Wet No. 14, 1980 **WET OP BEVOEGDHEDE VAN DIE S.W.A. WATER-
EN ELEKTRISITEITSKORPORASIE, 1980**

(b) dat die Korporasie sodanige goed of reg redelikerwys nodig het ten einde bedoelde bevoegdhede uit te oefen.

(3) Sodra die goedkeuring bedoel in subartikel (1) verleen is, geld die bepalings van artikels 5 tot 18 van die Onteieningsordonnansie, 1978 (Ordonnansie 13 van 1978), *mutatis mutandis* in verband met die verkryging van bedoelde goed of reg en by sodanige toepassing word 'n verwysing in daardie artikels —

(a) na die Uitvoerende Komitee saamgestel ingevolge artikel 4 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), en na die Administrasie van die Gebied Suidwes-Afrika as 'n verwysing na die Korporasie uitgelê;

(b) na artikel 2 van genoemde Ordonnansie en na genoemde Ordonnansie as 'n verwysing na hierdie artikel uitgelê.

(4) Iemand wat skade gely het as gevolg van die uitoefening van die bevoegdhede in subartikel (1) bedoel, is geregtig op die vergoeding waarop die Korporasie en so iemand ooreengekom het of, indien geen ooreenkoms aangegaan is nie, op die vergoeding wat by arbitrasie ingevolge die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965), bepaal word.

Kort titel.

4. Hierdie Wet heet die Wet op Bevoegdhede van die S.W.A. Water- en Elektrisiteitskorporasie, 1980.

POWERS OF THE S.W.A. WATER AND ELECTRICITY CORPORATION ACT, 1980 Act No. 14, 1980

(b) that such property or right is reasonably required by the Corporation in order to exercise the said powers.

(3) Upon the approval referred to in subsection (1) being granted, the provisions of sections 5 to 18 of the Expropriation Ordinance, 1978 (Ordinance 13 of 1978), shall *mutatis mutandis* apply in connection with the acquisition of such property or right, and in such application any reference in those sections —

(a) to the Executive Committee constituted in terms of section 4 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), and to the Administration of the Territory of South West Africa shall be construed as a reference to the Corporation;

(b) to section 2 of the said Ordinance and to the said Ordinance shall be construed as a reference to this section.

(4) Any person who has suffered damage as a result of the exercise of the powers referred to in subsection (1), shall be entitled to such compensation as the Corporation and any such person may have agreed upon or, if no agreement has been entered into, to the compensation determined by arbitration in terms of the Arbitration Act, 1965 (Act 42 of 1965).

4. This Act shall be called the Powers of the S.W.A. Water and Electricity Corporation Act, 1980. Short title.